# D I E   P O L I S I E D I E N S   I N   D I E
# S U I D - A F R I K A A N S E
# R E P U B L I E K
# T O T   1881.

deur

GERT NICHOLAAS VAN DEN BERGH, Honns. B.A.

Verhandeling ingehandig ter verkryging van die M.A.-graad in die Departement van Geskiedenis, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

POTCHEFSTROOM.

April 1957.

# VOORWOORD

Die polisiewese in die Zuid-Afrikaanse Republiek is 'n onderwerp wat tot dusver deur geskiedkundiges afgeskeep is. Hoewel die polisiediens in Transvaal, gedurende die tydperk waaroor hierdie verhandeling gaan, nie een van die belangrikste onderdele van die Staatsadministrasie was nie, was dit ongetwyfeld 'n onontbeerlike een. Daar die polisiedienaar nie die status of aansien van die landdros of veldkornet geniet het nie, was geskiedskrywers tot nou toe geneig om sy rol en selfs sy bestaan oor die hoof te sien en dit is nie by wyse van uitsondering dat geskiedeniswerke van die „algehele afwesigheid" van hierdie amp voor 1877 melding maak nie. Trouens die ongewildheid van die amp en amptenaar het veroorsaak dat selfs tydgenote nie graag of met smaak daarvan verhaal het nie.

Nogtans was die konstabel daar om sy beskeie rol in die administrasie van die reg te speel, wat van hom 'n gesogte, indien dan wel, ongewilde amptenaar gemaak het, sodat sy erkenning in die geskiedenis geregverdig is.

Dit is die doel van hierdie verhandeling om die rol van die polisiedienaar gedurende die eerste tydperk van die Suid-Afrikaanse Republiek te bepaal. Die periode was grotendeels die belangrike een van wording wat die gesiene en doeltreffende Z.A.R.P.S. (Zuid-Afrikaansche Republiek Politie) van die volgende tydperk, voorafgegaan en grotendeels bepaal het. Terwyl die diens op die dorpe onder die landdroste geleidelik ontwikkel het, sou dit op die platteland onder die naturelle-kommissarisse laat en plotseling ontstaan, terwyl 'n eiesoortige polisiediens op die Lydenburgse goudvelde sy bestaan in 'n eiesoortige wêreld gehad het.

Behalwe /.....

Behalwe in uitsonderlike gevalle, waarin die amp slegs in die verbygaan genoem word om by 'n grotere geheel aan te pas, bestaan daar, sover vasgestel kon word, geen bevredigende verwerkte materiaal oor die polisiediens in die Suid-Afrikaanse Republiek nie. Dit het meegebring dat die stof vir hierdie verhandeling grotendeels uit oorspronklike bronne verkry moes word. Navorsing in hierdie verband is enersyds bemoeilik maar andersyds uiters interessant gemaak deur die feit dat stof oor die polisiewese deur feitlik die hele Transvaalse Argief, waar die belangrikste gedeelte van die navorsing plaasgevind het, verspreid is. Die grootste gedeelte van die stof is in die verskeie Landdros argiewe en veral in die Staat-sekretaris se argief gevind.

Aangesien hierdie studie bedoel is om 'n latere, meer uitgebreide en kronologies gevorderde studie oor dieselfde onderwerp vooraf te gaan, is al die fasette van die anneksasietydperk, wat min invloed op die polisiediens in die Suid-Afrikaanse Republiek uitge-oefen het, nie behandel nie en moet die laaste hoof-stuk van hierdie verhandeling dus nie as 'n poging tot uitputting van die onderwerp beskou word nie.

Graag spreek ek 'n woord van dank uit teenoor dr. J.S. du Plessis wat my belangstelling in hierdie onderwerp gaande gemaak het en my by die opstel van die verhandeling tot groot hulp was. Dit is ook vir my 'n behoefte om my moeder, deur wie ek steeds tot verdere studie aangemoedig is, hier te bedank.

G. N. van den Bergh.

Pretoria.

1957.

# INHOUD.


HOOFSTUK I: Bladsy

POLISIE EX OFFICIO EN NON OFFICIO .......... 1 - 23

a. Die behoefte aan 'n polisiediens ........ 1
b. Die veldkornet as eerste polisie-amptenaar ................................ 4
c. Die algemene publiek as polisie ......... 14

HOOFSTUK II:

DORPSPOLISIE 24 - 55

a. Die behoefte aan 'n voltydse dorps-polisie ................................ 24
b. Die eerste voltydse polisie ............ 27
c. Die polisiediens brei uit ............... 31
d. Die polisiediens neem vorm aan .......... 35
e. Die aandeel van die staatsprokureur in die ontwikkeling van die polisiediens voor 1877 ............................. 50

HOOFSTUK III :

DIE POLISIEDIENS OP DIE LYDENBURGSE GOUDVELDE 56 - 95

a. Die weg na die goudvelde ................ 56
b. Die goudvelde - Kommissaris van Polisie.. 65
c. Die amp van aparte Polisie-Kommissaris verdwyn ................................ 75
d. Die karakter van die polisiediens onder McDonald ............................... 82
e. Die voorkoms van die polisiediens ver-ander ................................. 86

HOOFSTUK IV:

PLATTELANDSE POLISIE. 96 - 128

a. Grenspolisie ............................ 96
b. Voltydse plattelandse polisie ........... 102
c. Zoutpansberg ............................ 106
d. Waterberg ............................... 113
e. Lydenburg ............................... 115
f. Nieuw Schotland ......................... 116
g. Die plattelandse polisiediens in die gedrang op die vooraand van die annek-sasie .................................. 119
h. Besluit oor die tydperk tot 1877 ........ 126

HOOFSTUK V:

DIE POLISIEWESE ONDER BRITSE BESTUUR 129 - 144

a. Die dorpe ............................... 129
b. Die platteland .......................... 135
c. Planne ter verbetering van die polisie diens ................................... 139

BYLAE 145

BIBLIOGRAFIE i - viii


- - - - - - - - - - - - - -